

Die Kaapse Bibliotekaris



Maart 1989

LEES ALLES DAARVOOR
 LETS
 READ ALL ABOUT IT

REDAKSIONEEL

BIBLIOTEKE EN ONTWIKKELING

Dit is nou presies 'n jaar gelede dat daar in die Maart-uitgawe in hierdie rubriek verwys is na die reeds bekende verslag oor die gebruik van biblioteke in die ontwikkeling van Suid-Afrika, ofte wel die Zaaiman-verslag. Hierdie navorsingsprojek is onderneem op versoek van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese oor die rol wat biblioteek- en inligtingsdienste kan speel in die bevordering van die sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling van Suid-Afrika.

Die verslag het heel tereg wye belangstelling in die biblioteekwêreld en daarbuite uitgelok. Ook in die buiteland is daarvan kennis geneem deurdat daar in verskeie professionele publikasies daarna verwys is. Die verslag het by die afgelope twee konferensies van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingkunde die nodige aandag geniet, maar u mag moontlik vra wat die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens verder daarmee gedoen het.

Op versoek van die Provinsiale Biblioteekraad, is die verslag breedvoerig bespreek tydens 'n spesiale simposium van vakkundige personeel van die Biblioteekdiens, met spesifieke verwysing na die toepassingsmoontlikhede, sowel as praktiese implikasies van die aanbevelings daarin vervat.

Na breedvoerige besprekings, is die volgende vyf prioriteite as doelwit gestel, naamlik

*dringende uitbreiding van fasiliteite en dienste aan ontwikkelende gemeenskappe;

*navorsing binne die Biblioteekdiens moet onderneem word;

*die verskaffing van inligting van 'n nie-formeel opvoedkundige aard, asook bestaansinligting moet versnel en uitgebrei word;

*wye skakeling met groepe binne die plaaslike bestuursraamwerk is noodsaaklik; en

*rekenisering van die Biblioteekdiens kan nie langer uitgestel word nie.

Die eerste en moontlik mees betekenisvolle uitvloeisel was 'n belangwekkende besluit van die Provinsiale Uitvoerende Komitee dat die instelling en uitbreiding van openbare biblioteekfasiliteite aan alle inwoners van Kaapland, voortaan hoë prioriteit sal geniet en verder dat finansiële steun vir die daarstelling van hierdie dienste, onder sekere omstandighede drasties uitgebrei sal word.

Die Biblioteekdiens skenk steeds doelgerigte aandag aan die verslag en aan sy eie geïdentifiseerde prioriteite in hierdie verband. Die positiewe gesindheid en gesonde debattering rondom die verslag kan slegs as verdere aansporing vir alle openbare bibliotekarisse en hul owerhede dien.

N.F. van der Merwe

[English translation on p. 26]

INHOUD/CONTENTS

2. OPLEIDING IN DIE KAAPSE PROVINSIALE BIBLIOTEKEDIENS

'n Uiteensetting van die belangrikheid van opleiding en die implementering van 'n voortgesette opleidingsprogram.
 André Steenkamp

5. AUTHOR'S PROFILE: PENELOPE LIVELY

Prize-winning author and prolific writer of adult and children's fiction.

8. DIE KINDERBIBLIOTEKARIS: DIE KIND MET LEESPROBLEME

'n Artikel waarin erkenning gegee word aan die trae leser en sy behoefte aan geskikte leesstof.

10. BIBLIOTEKFOKUS: MAFIKENG

'n Diens in die buiteland.

13. DIE STADSKLERK EN SY OPENBARE BIBLIOTEK

'n Bespreking van die rol van die Stadsclerk in plaaslike bestuur, met spesifieke verwysing na die munisipale biblioteek.
 Carel du Plessis

14. UITSTALWENKE

Iets nuuts vir Paasfees.

15. DIE INLIGTINGSLEÛER

Standaardnaslaanwerke.

17. RESENSIES / REVIEWS

Boeke 17 Video's 22

23. AANWINSTE / ACCESSIONS

Boeke 28

26. NUUS / NEWS

Forum 26 Kalender 28 Bekronings 28
 Mense 29 Biblioteke 31 Hiervan en daarvan 34

REDAKSIE / EDITORIAL STAFF

REDAKTEUR / EDITOR : Zirkëa Ellis

SUB-REDAKTEUR / SUB-EDITOR : Ingrid Tarleton

KUNSTENAARS / ARTISTS : Monica Wagner, Alice Barry, Vivien Botha

OPLEIDING

IN DIE KAAPSE PROVINSIALE BIBLIOTEEKDIENS

André Steenkamp
Assistent-Direkteur

Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens het as deel van sy bestaansreg die funksie om vakkundige leiding aan personeel van openbare biblioteke te lewer. Hierdie taak word op beide informele wyse sowel as deur 'n gestruktureerde opleidingsprogram uitgevoer. In hierdie artikel word gekyk na die beginsels van opleiding, watter rol dit speel in organisatoriese ontwikkeling en die uitvoering daarvan, beide intern en as uitvoering van sy funksie.

INLEIDING

"Wat ons moet leer om te doen, leer ons deur te doen."
Aristoteles

Dit is vir enige organisasie van kritieke belang om die regte mense in die regte poste te plaas en hulle in dié werk te motiveer. Dit lei tot beter werksprestasie, maar omdat die inhoud van die werk mettertyd verander en daar ook veranderinge intree in die bekleërs van die poste, moontlik as gevolg van verplasinge of bevorderings, is nog 'n meganisme nodig om 'n stabiele werksmag te verseker. Dit is die funksie van opleiding om eerstens 'n goeie mens/pos kombinasie te skep en daarna hoë vlakke van motivering te onderhou.

Goeie opleiding is 'n belegging in menslike hulpbronne en die verbetering in vermoëns lei behalwe die verbetering in prestasie, ook tot groter betrokkenheid en motivering. Organisasies behoort in effek eerder na loopbane as bloot na poste te kyk.

Soos die aanhaling hierbo aantoon, is opleiding basies 'n leerproses. Dit is deur Mitchell gedefinieer as "'n poging deur die organisasie om die gedrag van sy lede deur die leerproses te verander ten einde doeltreffendheid te verbeter". (p.450) In hierdie verband verwys gedrag na die aanleer van 'n sekere vaardigheid, beide motories sowel as interpersoonlike verhoudinge. Die volgende verskillende kategorieë waarin opleiding verdeel kan word, is deur navorsers geïdentifiseer:

Oordrag van inligting - die blote leer van feitelike inligting.

Ontwikkeling van gesindheid - dit

verwys na die houding teenoor die werksituasie, hoofde of ander vooropgestelde gesindhede.

Ontwikkeling van vaardighede - die vermoë om die kennis opgedoen, aan te wend.

Konsepsuele veranderinge - die basiese beginsels van menslike gedrag.

Die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens bestaan uit 241 personeellede, waarvan 53 in professionele poste aangestel is. Daarbenewens word 'n diens aan 334 geaffiliseerde openbare biblioteke met 'n totale personeeltal van sowat 900 gelewer. In terme van die inleiding tot die aard en inhoud van opleiding hierbo gegee, is al hierdie personeel periodiek onderhewig aan opleiding van een of ander aard. Volgens Artikel 4 van die Regulasies insake die vrye Provinsiale Biblioteekdiens (PK 689/1980), lewer die Diens bystand deur die voorsiening van materiaal en vakkundige

leiding aan openbare biblioteke in die Kaapprovinsie. Vakkundige leiding in hierdie verband kan gesien word as beide formele opleidingskursusse sowel as informele man tot man opleidingsituasies in die werksomgewing self.

OPLEIDING VAN EIE PERSONEEL

Binne die organisasie self is dit belangrik om te onderskei tussen funksionele en administratiewe opleiding. Funksionele opleiding verwys na daardie tipe opleiding wat daarop gemik is om die persoon in staat te stel om sy spesifieke taak beter te kan verrig. Administratiewe opleiding is daarenteen gemik op die skepping van meer agtergrond vir die persoon en sluit in beleidsbepaling, werksorganisasie en personeeladministrasie.

Die enkel belangrikste funksionele opleiding vind deur middel van instruksie in die werksituasie self plaas en is oorwegend gerig op die nuwe toetreders tot daardie pos, hetsy as gevolg van bevordering of 'n nuwe aanstelling. As in aanmerking geneem word dat die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens gedurende 1988 40 nuwe toetreders en



bevorderings gehad het, word die omvang van hierdie aktiwiteit en die eise wat dit aan die bestaande personeel stel, duidelik.

Verdere funksionele opleiding vind plaas deur middel van formele kursusse vir die verskillende kategorieë personeellede. Hierdie kursusse wissel van kort praktiese sessies tydens vergaderings tot formele programme oor byvoorbeeld beplanning van biblioteekfasiliteite. Opleiding in hierdie sin is geensins beperk tot die vakkundige range nie, maar kursusse vir assistente word ook periodiek aangebied. Opleiding aan hierdie groep hou verband met beroepspesifieke pligte, byvoorbeeld spesiale aanvrae, kataloguswerk en kontrolering van voorraad.

Geïntegreerde opleiding geniet binne die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens besonder baie aandag. Dit kan in praktyk verdeel word in programme deur eie personeel aangebied en spesifiek gemik op die betrokke beroepsklas-biblioteekaris, en die kursusse aangebied deur die Subdirekoraat Opleiding. Voorbeelde van programme deur eie personeel aangebied kan gevind word in die *Leierskap en Motivering*-reeks in 1986-7 en 'n simposium oor die funksies van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, beide bygewoon deur alle biblioteekarisse en hoofbibliotekarisse met die

insluiting van ook die topbestuur by laasgenoemde. Laasgenoemde het besondere positiewe resultate gehad juis omdat dit deur die volle spektrum van vakkundige personeel bygewoon is en insette uit alle vlakke ontvang is. Die gevolglike wisseling van gedagtes het 'n geweldige bydrae gelewer tot beter verstandhoudings en 'n gees van samewerking tussen die verskillende afdelings binne die organisasie.

Die Subdirekoraat Opleiding bied jaarliks 'n omvattende program van administratiewe opleiding aan alle afdelings van die Provinsiale Administrasie aan. Dit dek die volle spektrum van oriëntasiekursusse vir nuwe toetreders tot die opleiding van middelvlak bestuurders. Praktiese kursusse soos openbare optrede en prestasie-evaluering kry ook sy regmatige aandag. Gedurende 1988 het 68 lede van ons personeel van die onderskeie kursusse van hierdie Afdeling bygewoon.

PERSONEEL VAN OPENBARE BIBLIOTEKE

'n Bedrag van R32 000 is in die 1988/89-begroting voorsien vir formele opleidingsprogramme vir openbare bi-

bliblioteke. Hierdie opleiding is byna uitsluitlik funksioneel van aard en gerig op alle personeel van geaffilieerde biblioteke, beide in die Kaaprovinsie en die buurstate, Ciskei, Transkei en Bophuthatswana. Uit die aard van die pligte van alle Diensafdelingspersoneel, vind daar voortdurend leiding plaas tydens persoonlike kontak met personeel, maar as gevolg van die noodwendige ongestruktureerde aard, word dit nie in die beplanning van formele opleiding in aanmerking geneem nie. Dit is egter nie te sê dat hierdie opleiding minder belangrik is nie en groot klem word op die toepassing en die korrektheid daarvan gelê.

Tot die onlangse verlede is kursusse op gebiedsgrondslag aangebied en daar was geen koördinasie tussen gebiede oor die inhoud of frekwensie van sodanige kursusse nie. In 'n nuwe beleid pas geformuleer, word alle opleiding op provinsiale vlak gekoördineer en die volgende faktore word in aanmerking geneem:

Grootte van die biblioteek - dit dien weinig doel om biblioteke met groot verskille in gebruik saam te plaas.

Geografiese ligging - geografiese sentrale punte word binne die provinsie geïdentifiseer waarheen geselekteerde biblioteke genooi word.

Onderwerpe aangebied - 'n deurlopende program word gevolg waaraan alle kursusse onderhewig is.

Spreekers - waar moontlik, word dieselfde spreekers by verskillende kursusse gebruik.

Hierdie beginsel het tot 'n mate alreeds gestalte gekry met die aanbieding van die eerste kursus vir die 50 grootste biblioteke te Kaapstad in 1987. Dieselfde biblioteke is genooi vir 'n opvolgkursus in 1988, maar uit gesprekke met die afgevaardigdes en na aanleiding van formele terugvoering, is gevind dat daar 'n te groot verskeidenheid biblioteke byeengebring is. Die inhoud van lesings en besprekings het geneig om af te daal na die vlak van die grootste gemene deler, 'n situasie waaruit die kleiner biblioteke steeds nie aanwending kon vind nie en die groot biblioteke slegs

as inligtingverskaffers opgetree het, maar self geen voordeel geput het nie.

Om 'n herhaling te voorkom, maak die nuwe skedule voorsiening vir die verdeling van biblioteke in vier verskillende kategorieë, naamlik:

- 30 000-sirkulasie - 207 biblioteke
31 000 - 75 000-sirkulasie - 78 biblioteke
76 000 - 200 000-sirkulasie - 38 biblioteke

200 000 + -sirkulasie - 13 biblioteke
Die grense dien slegs as leidraad en is nie bedoel om rigied toegepas te word nie. Dit hang dus suiwer van plaaslike toestande af, in die praktyk dikwels die gehalte werk deur die bibliotekaris gelewer, na watter vlak kursus die personeel van enige biblioteek genooi sal word. Dit word voorsien dat die opleiding van personeel van biblioteke kleiner as 30 000-sirkulasie per jaar, die verantwoordelikheid sal wees van die individuele hoofbibliotekaris met hul personeel. Inhoudelik sal hoofsaaklik gekonsentreer word op basiese prosedures en praktyke. Hierdie kursusse vind jaarliks plaas en biblioteke word op 'n rotasiebasis, afhange van die vlak van opleiding bereik, genooi.

Die volgende vlak in die program is die gesamentlike verantwoordelikheid van die hoofbibliotekaris(se) en die onderskeie assistent-direkteure. Enige kursus kan personeel uit enige beheergebied insluit en word op 'n geografies-sentrale punt aangebied. Onderwerpe alreeds vir hierdie kursusse geïdentifiseer is inligtingverskaffing, voorraadbou, lidmaatskap, promosie, ens. Weens die groot aantal biblioteke in hierdie groep, sal ten minste twee kursusse jaarliks aangebied word en spreekers sal, waar moontlik, gedeel word.

Vir die kategorie 75 000 - 200 000 sal die assistent-direkteure gesamentlike verantwoordelikheid aanvaar en waarskynlik slegs een kursus per jaar sal aangebied word. Die inhoud van hierdie kursusse word deeglik beplan en sal konsentreer op die teoretiese onderbou van die bibliotekpraktik. Onderwerpe alreeds geïdentifiseer en aangevoer in

vorige kursusse is die volgende: gemeenskapsinligting, pamfletversamelings, promosiewerk, verliesbeheer, sekuriteit, ens. Spreekers sal getrek word uit kundiges in die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens of enige ander biblioteek of instansie. Die adjunkte van die heel grootste biblioteke sal waarskynlik ook na hierdie kursusse uitgenooi word. 'n Uiteers belangrike nuweproduk van hierdie kursusse is die opleidingseffek wat dit ook op lede van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdienspersoneel het. Van die personeel van die Diensafdelings word verwag om hierdie verworwe vaardighede oor te dra aan ander personeel, beide in groepsverband en in indiensopleidingsituasies.

Dit word nie voorsien dat die hoofde van die heel grootste biblioteke noodwendig van formele kursusse uitgesluit sal word anders as moontlike spreekers nie. Hulle sal egter meer dikwels betrek word in groepsbesprekings, spesialis-kursusse en werkkursusse.

SAMEVATTING

Soos uit bostaande gesien kan word, is die opleidingstaak van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens omvangryk van aard. In 1988 alleen is ongeveer 500 persone by kursusse, gereël of aangebied deur personeel van hierdie Diens, betrek. As gevolg van 'n groot agterstand in hierdie verband en die blote feit dat daar 'n geweldige wisseling van personeel in openbare biblioteke plaasvind, word nie voorsien dat hierdie taak ooit as afgehandel beskou kan word nie.

BRONNE

1. MITCHELL, T.R. - *People in organizations*, 2nd ed. McGraw-Hill, 1982.

2. *Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens Jaarverslag*, 1987. ❏

PENELOPE LIVELY

Cecily van Gend
English Fiction Co-ordinator

The name **Penelope Lively** has appeared more than once on the *Booker Shortlist*, and besides being a Booker prizewinner, she has also been awarded the Carnegie Medal, and the Whitbread Prize for Children's fiction. She has received acclaim for both her adult and children's novels, enjoyed by discerning readers for their delicately observed portrayal of relationships, their sense of place and feel for the past.



Born in Cairo in 1933, where her father was a bank manager, she returned to England with her family in 1945, after which she spent five years of what she describes as 'purgatory' at an English boarding school. Quiet and bookish, and lacking the required team spirit, the twelve year old Penelope did not fit into the jolly hockey-sticks atmosphere of the school.

Reading was not encouraged. For punishment, girls were sent to the library to read for an hour. "I learnt to hide my copy of the *Oxford Book of English Verse* under a pile of more socially acceptable romantic novels", she recalls.

From school she escaped to St Anne's College, Oxford, where she read history - a lifelong preoccupation, aspects of which are revealed in her novels. After

a spell working as Research Assistant to the Professor of Race Relations, she married a fellow-academic, Jack Lively. Her daughter, Josephine, was born in 1958, and her son, Adam, in 1961. While the children were young, she was fully occupied with domestic chores, but as they grew older she began writing books for children, rushing through the housework to give herself more time to

write, and thinking up plots while doing the school lifts.

Between 1970 and 1977 she wrote a number of children's books, one of which *The ghost of Thomas Kempe* was awarded the 1974 Carnegie Medal. This was followed by *The house in Norham Gardens*, often regarded as her most successful children's work, described as 'subtle, rich and compelling', and *A stitch in time*, which won the Whitbread Prize in 1976.

In 1977 she published her first adult novel, *The road to Lichfield*, which was shortlisted for the Booker Prize. While continuing to publish the occasional children's book, she now concentrated on adult fiction, with *The treasures of time* appearing in 1978, followed by *Judgement Day*, *Next to nature, art, and Perfect happiness*. In 1984 she once again had a novel on the Booker Shortlist - the widely acclaimed *According to Mark*, and in 1987 she was the recipient of the Booker Prize, for *Moon tiger*.

In all her writing, Penelope Lively is intensely preoccupied with the past, and its relation to the present and the future. In an interview with *Books and Bookmen* she explains that, since her student days at Oxford, where she read history, "...I've been obsessed with the ways people use and abuse memory, or the ways in which memory forms people. It is a curious mixture of both a crutch which people lean on, and an albatross. I'm fascinated by the way in which the two kinds of memory - the collective memory, in the sense of the historical past, and the personal memory - determine how people operate. People are formed by layers of experience".

This preoccupation has been apparent in her work from the earliest children's books, although her exploration of the idea has become increasingly complex and subtle in her recent novels.

In her acceptance speech for the receipt of the Carnegie Medal in 1974, she described the process of writing *The ghost of Thomas Kempe*, comparing it to the blending of ingredients in the con-

In her novels
Penelope Lively
shows a rare
gift for subtlety,
judging finely
what to state,
what to describe,
what to imply,
and what to
leave out.

coction of "a very subtle and ambitious soup".

"The basic ingredients", she says, "came from years of idle observation of the small town nearby home. Of observing the odd juxtaposition of seventeenth century cottages and television aerials, of Perp. and Dec. church windows and slogans for Oxford United, of names on eighteenth century tombstones and the names on the primary school register. A certain personal experience of the way of life of ten year old boys came in useful too... And then there had been years

of random reading - the acquisitions of style and voice that surface, somehow, when required, which is why Thomas Kempe himself communicates in the style of John Aubrey, the seventeenth century diarist, and why Aunt Fanny has the breathless, ungrammatical flow of Jane Walsh Carlyle. Those are the aspects of the soup than can be parsed and analysed, as it were. But then there must be the secret ingredient, the uncommunicable one which ought to be hinted at but never stated... I was trying to work out some of my own preoccupations with memory in *Thomas Kempe* - about the continuity of places and people, about how people contain their own pasts, about the awakening of children to the idea of memory within the context of their own lives."

In *The road to Lichfield*, the influence of the past is only hinted at, in the portrayal of the relationship between Anne and her father, who is dying in hospital. While clearing out his house, Anne comes across some old letters, and discovers that for years her father had a mistress, although happily married.

In *The treasures of time*, the ramifications of memory, and the influence of the past on the present is more thoroughly explored. The novel describes the filming of a TV documentary on the life of the archaeologist, Hugh Paxton. Tom, the interested bystander, who is engaged to Paxton's daughter, Kate, discovers that individual recollections are totally subjective, and often far from the truth. Moreover, the desire to make the past more attractive is not limited to individuals but is a national failing - the finished documentary presents only one side of the picture, omitting whatever is likely to disturb the falsely created image of placid tranquillity. Even more shattering to Tom is the realisation that people are the products of their own upbringing, and unlikely to change - freeing Kate from her personality problems which are the result of parental discord is as impossible a task as explaining the traditional Oxford way of life to a party of Japanese tourists.

The relationship between the biographer and his subject is the theme of *According to Mark*. In an interview with *Books and Bookmen*, Penelope Lively explains her interest in what she calls this "odd and eerie relationship".

"Both have an advantage over the other", she points out. "The subject has the advantage of being dead and, therefore, able to be silent and withhold information - to say nothing and maybe to conceal and distort evidence. Whereas the biographer has the converse curious advantage of knowing what the plot is, knowing what happens to this person from one end of their life to the other, despite the obvious areas of lies and silences. I was interested in this notion of whether there's such a thing as truth about a life at all, and who is in the position to tell the truth about a life. Is it the person who's living the life? Obviously not, because you only see your life through your own eyes. There are all sorts of other people whose version of your life may be more accurate than your own - a biographer has to sort out all these different kinds of evidences."

In *According to Mark*, the central figure, Mark Lamming, is writing the biography of Gilbert Strong, himself the biographer of *Disraeli*, as well as a writer of fiction and essays on the art of fiction. In his effort to pinpoint the truth, Mark drives to Strong's old house in Dorset, where he meets and becomes infatuated with Strong's granddaughter, the unsophisticated, waif-like Carrie. In his pursuit of the truth, Mark is drawn to reflect on its nature, and is increasingly beset with doubts about the biographer's role in establishing the truth, and a growing awareness of the impossibility of ever knowing anyone else in entirety.

This idea of the truth being multifaceted, with several versions of a single life, is developed further in *Moon tiger*, possibly the author's most complex, yet satisfying novel. The central character is an old lady, Claudia Hampton, dying of cancer in hospital. As a final gesture she is writing what she describes as "a history of the world ... And, in the

process, my own". She reviews her past, and her relationships with those closest to her - her adored brother, Gordon, who is also her alter-ego; her daughter, Lisa, for whom she has never felt much affinity; and Jasper, her lover of long standing, and also Lisa's father.

The pivotal experience of her life, however, is unknown to any of these people. It is the brief but earth-shattering love affair in Cairo during World War II, with Tom, later killed in the Western Desert. In a series of flashbacks, Claudia sees the past as she remembers it, interspersed with versions of the events as perceived by the other participants.

Despite this preoccupation with the past, and with the influence of memory on individual lives, Penelope Lively's books are neither obscure nor heavy going. In discussing her treatment of the subject in *The ghost of Thomas Kempe*, she says: "I was trying to work out some of my own preoccupations with memory... but I wouldn't at all like a child, reading the book, to recognise all this as such. But if a child emerged with a vague feeling of there being something behind and beyond the story that you can't quite put your finger on, of the submerged seven-eighths of the iceberg being somewhat present, that will do nicely."

Even in her adult novels, where these themes are more overtly explored, there is never any sense of a heavy, didactic presence. Her novels are a delight to read - witty and stylish, with a sharp eye for detail. Characters and relationships are acutely observed, and places brought vividly to life. Neasa Macerlean, in her review of *According to Mark*, accurately sums up the author's skill: "... Penelope Lively shows a rare gift for subtlety, judging finely what to state, what to describe, what to imply, and what to leave out. She has fused rather complex ideas and very human characters with compassion, humour and delicacy, to produce a hugely enjoyable novel, that is both emotionally satisfying

and intellectually stimulating, without any trace of pretension."

REFERENCES

1. *Twentieth Century Children's writers*, edited by D.L. KIRKPATRICK. St Martin's Press, 1978.
2. *YLG News*, Vol.18, no.3, Winter 1974, pp.10-13.
3. *Books and Bookmen*, November 1984, pp.28-29.

BOOKS IN STOCK

CHILDREN'S BOOKS

Astercote
Debbie and the little devil
Dragon trouble
Fanny and the monsters
Fanny's sister
The ghost of Thomas Kempe
The house in Norham Gardens
The revenge of Samuel Stokes
Stained glass window
A stitch in time
Uninvited ghosts, and other stories
The voyage of QV66
The whispering knights
The wild hunt of Hagworthy

ADULT BOOKS

According to Mark
Corruption (Short stories)
Judgement Day
Moon tiger
Nothing missing but the samovar (Short stories)
Next to nature, art
Pack of cards (short stories)
Perfect happiness
The road to Lichfield
Treasures of time

DIE KIND MET LEESPROBLEME

Elizabeth de Roubaix, Keurder

As dit by lees kom, was dit nog altyd die neiging om die onwillige leser as 'n stiefkind te beskou. Maar dit is alleen deur 'n belangstelling in lees by hierdie kinders aan te wakker dat die probleem opgelos kan word. Wat kan ons as bibliotekaris daaromtrent doen en watter boeke is geskikte lokmiddels vir leesku kinders?

Die biblioteek word hoofsaaklik deur die kind wat graag lees besoek, en daarom is ons geneig om te aanvaar dat die leesku kind deel uitmaak van 'n minderheidsgroep. Maar navorsing het bewys dat die jeug- en tienergemeenskap uit 'n groot meerderheid trae lesers bestaan, wat hulle so onsigbaar moontlik ten opsigte van biblioteke en boeke maak. Die bibliotekaris word grotendeels blootgestel aan die klein minderheid entoesiastiese lesers wat 'n hoë profiel in die biblioteek handhaaf.

Daar bestaan twee groepe trae lesers. Die eerste groep bestaan uit diegene wat nie kan lees nie. Hierdie kinders ly aan een of ander fisiese gebrek wat hul leesvaardigheid direk beïnvloed. Disleksie en minimale breinskade is die twee faktore wat die meeste voorkom. Aangesien die meeste bibliotekaris nie opgelei is as remediërende onderwysers of sielkundiges nie, kan hulle ten beste 'n poging aanwend om hierdie kinders na die aangewese instansies te verwys vir hulp.

Die tweede groep bestaan uit kinders wat leesku is maar kan lees, en dit is met hierdie groep wat ons as bibliotekaris gemoed is. Hierdie kinders moet noodgedwonge

een of ander tyd die biblioteek besoek op soek na inligting en materiaal vir 'n skooltaak. Hulle het 'n entoesiastiese en simpatieke bibliotekaris nodig wat ten minste 'n basiese kennis dra van die inhoud en gebruik van die materiaal waaroor hy in sy biblioteek beskik. Kinders word dikwels met diere vergelyk - hulle kan instinkief aanvoel of die persoon wat hulle help werklik in hulle en hul probleme belangstel. Hulle het 'n simpatieke en intelligente persoon nodig wat hulle ten alle tye met eerlikheid sal benader en op wie hulle kan staatmaak om aan hul behoeftes te voorsien.

Dit is alleen deur boeke wat die trae leser 'n liefde vir lees kan ontwikkel. Lees kan alleenlik deur lees aangeleer word. Motivering om te leer kan deur boeke verkry word en sukses op akademiese gebied kan lei tot 'n sin van prestasie.

Dit is noodsaaklik dat wanneer die bibliotekaris die geleentheid kry om 'n boek by die trae leser aan te beveel, die boek leesbaar, prikkelend en boeiend moet wees. Dit moet ook binne die kind se leesvermoë val en sy belangstelling gaande maak. 'n Mens kry dikwels net een kans om so 'n leser te werf. 'n Verwelge, moeilike boek of iets wat te

kindergatig is, kan hom vir ewig van die biblioteek afskrik.


Die ideale leesstof vir die leesku kind is dus 'n boek wat maklik lees, maar waarvan die inhoud die betrokke ouderdomsgroep se belangstelling sal prikkel.

Uitgewers, leerkragte en bibliotekaris in Engeland en Amerika is al lankal bewus van die behoefte aan boeke met 'n gevorderde inhoud maar eenvoudige woordeskat. Daar het al heelwat sulke reekse vir verskillende ouderdomsgroepe verskyn.

KLEUTERBOEKE

Vir die jong leser bestaan die reekse hoofsaaklik uit gegradeerde leesboeke. Die doel van die *Bangers and Mash*-reeks is om kleuters aan die basiese klanke bekend te stel en die klanke en woorde word dan in die daaropvolgende verhale herhaal en beklemtoon. *Bangers and Mash* is twee ape wat allerhande katekwaad aanvang. Vir kinders wat net begin lees, is die *Little Nippers*- en *Nippers*-reeks uiters geskik. Die moeilikheidsgraad word deur kleure aangedui. Nog 'n eenvoudige reeks met volkleurillustrasies is die *Trug Book*-reeks wat uit twaalf boekies bestaan. Die *Dominoes*-reeks bestaan uit verskillende stadia. Daar is ses titels in elke stadium en die inhoud van die boek handel om situasies en aktiwiteite waarmee kinders vertrou is. Die illustrasies bestaan uit duidelike en eenvoudige kleurfoto's.

Boekies met die minimum teks, groot gedruk teenoor eenvoudige kleurillustrasies, intimideer gewoonlik nie die beginnerleser met 'n gebrek aan selfvertroue nie. Die *This is the way I go*-boekies val in hierdie kategorie.



JONGER KINDERS

Die sewe- tot negejarige kind sal die *Trog*-reeks geniet. Die hoofkarakter in al agt boeke is 'n prehistoriese seuntjie met die naam Trog. Daar is 24 boeke in die *Monster*-reeks en die humoristiese verhale met gepaardgaande komiekklike illustrasies sal die trae leser se belangstelling prikkel. Die kinders wat van sprokies hou, sal die vier boeke in die *More good stories*-reeks geniet. Elke boek bevat 5 sprokies en is met volkleurprente geïllustreer.

OUER KINDERS

Vir die tien- tot twaalfjarige sowel as die tiener is daar heelwat reekse in voorraad wat hul leeslus behoort te prikkel. *The time trap*, deur Leo P. Kelley, sal in die jonger fantasie-aanhanger se smaak val. Hierdie titel is een van dié in die *Best-sellers*-reeks. Die Heinemann *Guided Readers*, *Getaway*- en *Barco*-reeks voorsien leesstof aan die ouer kind wat in spanning en avontuur belangstel. Die *Inner Ring*-reeks, waarvan daar 'n paar titels in voorraad is, bestaan uit ongeveer 40 boeke. Die meeste verhale gaan oor tieners met 'n stedelik-industriële agtergrond. Party van die verhale is feitlik en die reeks bevat titels wat geskik is vir kinders vanaf agt tot twaalf jaar en selfs ouer.

TIENERLESERS

Ouer kinders met 'n beperkte leesvermoë moet verkieslik met die *Trend* en *Trendset*-reeke kennis maak. Die verhale is eenvoudig en onderhoudend geskryf en gaan hoofsaaklik oor tieners met temas soos avontuur, fantasie en menseverhoudinge.

Vir die tiener en jong volwassene wat op soek is na iets wat spannend en interessant is, dog maklik lees, is die *Topliners* en *Bull's eye books* die aangewese ding. Die boeke in die *Topliner*-

reeks vertel 'n ongekompliseerde verhaal en bevat alle tipes verhalende lektuur van liefdesverhale tot wetenskapfiksie.

Verkorte en vereenvoudigde weer-gawes van gewilde verhalende lektuur en leesbare vakliteratuur word deur die *Bull's eye books* aangebied. Al die James Bond-titels is in hierdie reeks beskikbaar asook John Wyndham se wetenskapfiksie. Blitsverkopers soos *The day of the jackal*, deur Frederick Forsythe en John le Carré se *The spy who came in from the cold* word baie meer toeganklik gemaak en diegene wat vakliteratuur verkies, kan *The dambusters*, deur Paul Brickhill, lees.

REMEDEÏRENDE BOEKE

In Afrikaans is daar nog net 'n begin gemaak om aan die behoefte van die onwillige leser te voorsien. Vir die beginner-leser bestaan daar die *Remediërende Lees*-reeks van dr. A.F. Theron en mev. E.W. Pauw. In hierdie reeks leesboekies maak die kind geleidelik kennis met die woordklanke en dit is 'n vereiste dat 'n ouer of onderwyser saam met die kind deur die boekies werk. 'n Handleiding vir gebruik deur die persoon wat die kind help, vergesel die reeks. Hierdie reeks het nie betrekking op 'n spesifieke ouderdom of standerd nie, maar konsentreer eerder op die leesprobleem wat die kind ondervind.


Die *Help*-reeks, deur James Webster,

is uit die Engels vertaal en poog om die onwillige leser van leesstof te voorsien wat sy belangstelling sal prikkel en sy entoesiasme gaande sal maak. Die verhalende behels aksie, drama, humor en emosie op 'n vlak wat suksesvol deur die leser gehanteer kan word. Dit lei tot 'n herstel van die kind se selfvertroue en uiteindelik genot in die leeservaring. Ook hierdie reeks word van 'n handleiding voorsien en moet liefds onder toesig van 'n onderwyser of ouer gebruik word.

Vir die ouer kind en die leerstraer tiener het Daan Retief-uitgewers 'n reeks boeke uitgegee waarin ware gebeurtenisse op eenvoudige en leesbare wyse oortel word. Die insidente kan geskiedkundig van aard wees soos *Gevangenis van die ys*, deur Philippe O'Grady, wat gaan oor Shackleton se ekspedisie oor die vasteland van Antarktika, of eietdys soos die beskrywing van die verwoesting deur 'n orkaan gesaai in G. Cory se *Orkaan Camille is op pad*. Daar het reeds elf boekies in hierdie reeks verskyn en hulle voldoen almal uitstekend aan die vereistes van 'n gevorderde inhoud met 'n eenvoudige woordeskat. Hierdie boeke is selfs al by skole met vrug gebruik by immigrante wat Afrikaans leer of lesers in die tweede taal wat Afrikaans nog nie heeltemal magtig is nie.

Leestraagheid kom voor in dié wat kan lees sonder enige fisiese hinder-nisse, maar wat geen behoefte het aan lees behalwe wat die normale gang van

sy lewe van hom vereis nie. Dit is dus uiters noodsaaklik dat ons die onwillige leser se belangstelling prikkel. Wanneer die belangstelling eers daar is, word die leeservaring 'n baie bevredigende ondervinding. Kinders wie se belangstelling gewek is en dit geniet om te lees wil meer lees, en hoe meer opwindend die leeservaring word, hoe meer wil hulle lees. So raak hulle al hoe meer bedrewe daarmee. Weldra is hulle nie meer trae lesers nie, maar entoesiastiese bibliotekgebruikers.





Hierdie biblioteek kry in sy dienslewering te doen met 'n totaal kosmopolitiese opset met biblioteeklede vanoor die hele aardbol - Filippyne, Taiwan, Frankryk, Amerika, Portugal, Zimbabwe, Ghana, Malawi, Japan, Sri Lanka, Pole, Engeland, Griekeland en vele meer. Die leesstof is in die drie amptelike tale, naamlik Afrikaans, Engels en Setswana.

MAFIKENG-BIBLIOTEEK

'n Diens in die buiteland

Marianne van Zyl

Hoofbibliotekaris, Mafikeng Openbare Biblioteek

'n Geskiedkundige openbare biblioteek in 'n unieke landstreek vorm deel van die diensnetwerk van openbare biblioteke in Kaapland. Alhoewel die Mafikeng Openbare Biblioteek buite die grense van Kaapland geleë is, in der waarheid buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika, ontvang hierdie biblioteek in die Republiek van Bophuthatswana, volgens ooreenkomste, nog steeds 'n diens van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

Mafikeng is in September 1980 by Bophuthatswana ingelyf en sedertdien lewer ons 'n diens aan die hele gemeenskap. Vir diegene wat nie seker is van die ligging nie, wil ons dringend vanuit ons geweste sê, "Vergewis jouself van jou land en omgewing!". Tydens 'n onlangse besoek vir boekaankope in Pretoria, het 'n dame in 'n

medelyend aangekyk toe ons sê dat ons die middag om 16h00 terug na Mafikeng ry. Haar woorde was, "Siestog, julle kom so ver - dan is julle eers weer môreoggend tuis". My metgesel het betyds gekeer toe ek wou sê dat ons nie die reis met 'n donkiekar aangepak het nie!

Die eerste vergadering met die doel om 'n biblioteek tot stand te bring, het reeds plaasgevind op 22 Maart 1988. Die biblioteek is voorheen gehuisves in 'n ou gebou wat aan die Spoorweë behoort het. Gedurende die Beleg van Mafikeng (Oktober 1899 tot Mei 1900) is alle biblioteekdienste opgeskort tot Augustus 1900, toe 'n nuwe bibliotekaris aangestel is teen 'n salaris van R4 per maand. Vanaf 1903 tot 1927 is die biblioteekboeke in 'n gedeelte van die stadsaal gehuisves en daarna is die huidige gebou betrek. Die historiese boeke is terug in die stadsaal wat tans die museum van Mafikeng is.

Alhoewel die biblioteek vanaf 1927 as die Mafikeng Openbare Biblioteek bekend gestaan het, kon die publiek slegs 'n klein leeskamertjie gebruik waar ou koerante en tydskrifte beskikbaar was. Lede wat die nodige gelde betaal het, het toegang gehad tot die res van die biblioteek waar die nuutste tydskrifte, koerante en boeke vir leen-vooraanstaande boekwinkel ons

amptelike opening van die biblioteek word aangedui as 12 Desember 1934. Die stadsraad, tesame met 'n komitee, was ten volle verantwoordelik vir die instandhouding tot die laat sestigerjare toe daar geaffilieer is by die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

Na vele verhoë is die gebou in 1984 vergroot tot soos dit tans daar uitsien. Die vooraansig het net so behoue gebly en slegs agter is 'n gedeelte aangebou om die vloeroppervlak te vergroot. Die historiese dorp, Mafikeng, lyk nou klein langs Mmabatho wat binne tien jaar 'n totale metamorfose aan hierdie deel van die land verseker het, met yslike sakekomplekse, regeringsgeboue, 'n universiteit en internasionale lughawe. Ons kry in ons dienslewering hier te doen met 'n totaal kosmopolitiese opset met biblioteeklede vanoor die aardbol - Filippyne, Taiwan, Frankryk, Amerika, Portugal, Zimbabwe, Ghana, Malawi, Japan, Sri Lanka, Pole, Engeland, Griekeland en vele meer. Ons leesstof is natuurlik in drie amptelike landstale, naamlik Afrikaans, Engels en Setswana, waarvan laasgenoemde baie min aftek kry. Die meeste oorsese lede is vol lof vir die diens en gehalte van die boeke, asook veral dat die diens gratis is.

Die oorsese tydskrifte het 'n hoë benutting onder hierdie lede terwyl die plaaslike bevolking die sirkulasie van plate

hoog hou aangesien musiek tradisioneel is. Ligte en populêre musiek word uit eie fondse aangevul en bedags gespeel om die belangstelling gaande te hou.

Die aanleer van 'n vreemde taal is in ons kontrei 'n voortdurende behoefte aangesien daar so baie mense met hoë aspirasies hier kom groener weiveld soek. Alhoewel ons lersers sterk aanmoedig, bly die ondervinding steeds dat die plate of kassette teruggebring word met die verskoning dat hulle nou te veel ysters in die vuur het maar beslis weer sal terugkom. Op dié grondslag bly die aanvraag na die diens hoog, maar oor die resultaat word daar nog bespiegel. Vir die aanleer van 'n vreemde taal word, waar nodig, lersers tegemoetgekom met verlengde leentydperke vir plate en kassette. 'n Bejaarde dame van Texas, wat haar in Suid-Afrika kom vestig het ná 'n toer deur ons land, het Afrikaans gou baasgeraak deur die woordeboek daaglik te bestudeer. Met 'n ongemaklike uitspraak het sy ons konfronteer met die volgende 'teek'-woorde wat sy geleer het: 'apteek, biblioteek en hipoteek'. Dit was vinnig kopkrak aan ons kant of die uitlander hét ons vasgevat.

Rolprentvertonings en aktiwiteite word nie meer by die biblioteek aangebied nie aangesien die behoefte dit nie regverdig nie. Ons beskik oor 'n Mmabana-kultuursentrum waar so 'n verskeidenheid van aktiwiteite aangebied word dat die biblioteek onmoontlik kan kers vashou. Met 'n eie TV-stasie wat uitstekende programme aanbied, het die aftrek wat rolprentvertonings kry, beslis nie die moeite geloon nie. Die tendens was dat hoofsaaklik moeders hul onbeheerbare kinders by die bibliotekaris gelaat het vir 'n hele oggend, terwyl hulle rustig hul inkopies gedoen het. 'n Verdere verskynsel dat kinders deesdae van kleins af by speelgroepe inskakel, bring mee dat aktiwiteite gedurende die vakansie min verskeidenheid en afleiding bied.

Met 'n ledetal wat onlangs meer as 5 000 beloop het en in verhouding tot die sirkulasie nie meer 'n sinvolle beeld van

**Gedurende
skoolkwartale is
die dienslewering
aan skoliere
'n hoë prioriteit,
aangesien daar
heelwat skole in
die omgewing is
wat nog nie oor 'n
eie skoolbiblioteek
beskik nie,
of andersins 'n baie
beperkte voorraad
boeke het.**

gebruik per lener weerspieël nie, is daar voldoen aan 'n versoek om herregistrasie van lersers.

Ons het egter baie lede vir wie bibliotekkaartjies 'n statussimbool is, soos 'n kredietkaart, en dit dan vir lang tye in die sak dra. Hierdie waardelose kaartjies veroorsaak nou groot ontsteltenis en ons doen al weer heraanluitings voor die voet.

'n Ware weergawe van aktiewe lede is haas onmoontlik weens die gemeenskap wat baie wisselend is. 'n Groot aantal

lede is in die Republiek van Bophuthatswana op kontrak of gesekondeer vir twee tot drie jaar en verlaat ons dan stilweg.

Die diens aan studente is hoofsaaklik beperk tot ontspanningsmateriaal. 'n Geskikte leeskamer is 'n groot behoefte aangesien dit dikwels gebeur dat ons leeskamer volgesit word en skoliere en studente dan weggevoer moet word weens 'n tekort aan ruimte. Baie navrae vir studiemateriaal word ontvang, maar word dan verwys na die universiteit, UNIBO, wat oor 'n goed toegeruste biblioteek beskik. Die staatsbiblioteek het ook onderneem om studiemateriaal en inligting te verskaf eerder as lektuur vir ontspanning. Die ondervinding was dat ná die opening van die universiteit, baie studente ook hier aangesluit het om van ons inligtingsbronne gebruik te maak. Ongelukkig het sommige die diens só misbruik dat ons spoedig gevind het dat ons weinig boeke in sekere studierigtings soos Sielkunde en Wiskunde op die rakke gehad het. Die heffing van 'n deposito vir alle studente het die probleem in 'n groot mate teëgewerk.

Gedurende skoolkwartale is die dienslewering aan skoliere 'n hoë prioriteit aangesien daar heelwat skole in die omgewing is wat nog nie oor 'n eie skoolbiblioteek beskik nie, of andersins 'n baie beperkte voorraad boeke het. 'n Handige hulpmiddel in dié verband is natuurlik die stelle van *Wêreldspektrum*, *Encyclopaedia Britannica* en *World Book*, wat die biblioteek self aangekoop het, tesame met die naslaanvoorraad wat deur die streek verskaf word.

In die middag is die dienste van 'n takbiblioteek aan die gemeenskap van Danville beskikbaar. Dit gebeur dikwels dat lede daar van die boeke waarin hulle belangstel, reeds gelees het. Dit staan hulle dan vry om by die hoofbiblioteek aan te sluit.

Met ons eiesoortige opset poeg die drie bibliotekarisse om die vaandel hoog te hou en word ander genooi om in ons geweste 'n draai te kom maak om alles te aanskou!



DIE STADSKLERK EN SY OPENBARE BIBLIOTEK

'n Bespreking van die rol van die Stadsklerk in plaaslike bestuur, met spesifieke verwysing na die munisipale biblioteek

Carel du Plessis
Stadsklerk, George Munisipaliteit

Die volmaakte moeder het nie afskeepkinders nie en die ideale Stadsklerk het nie aspoester-afdelings nie. Die mate waartoe 'n Stadsraad aktief leiding neem ten opsigte van die kulturele lewensbestaan van sy gemeenskap, tot daardie mate het die betrokke Raad beleidsmakende volwasseheid bereik, want volwasseheid lê in die vermoë om te onderskei en 'n gesonde balans onder alle omstandighede te handhaaf.

Ingevolge die Munisipale Ordonnansie vervul die Stadsklerk die dubbele rol van Hoof Uitvoerende sowel as Hoof Administratiewe Beampte. Die rol wat die Stadsklerk in die administrasie van 'n plaaslike owerheid vervul, hang af van die graad van die munisipaliteit en die omvang van sy bedrywighede. Dit is 'n aanvaarde beginsel in die publieke administrasie dat hoe hoër 'n beampte in die hiërargie styg, hoe minder betrokke raak hy by die roetine administratiewe take en hoe meer raak hy betrokke by die besluitnemingsproses en beleidsbepaling. Terwyl hierdie beginsel geldig is vir elke afsonderlike munisipaliteit, kan dit met vrug deurgetrok word na die totale omvang van plaaslike owerheidsweese. 'n Stadsklerk van 'n klein munisipale organisasie sal byvoorbeeld ten volle betrokke wees by die besluitnemingsproses terwyl hy steeds direk verantwoordelik sal wees vir die administrasie. Hoe groter die munisipaliteit word, hoe minder word sy betrokkenheid by die administrasie.

Met hierdie inleiding probeer ek aandui dat dit vir 'n Stadsklerk van 'n kleiner plaaslike owerheid moontlik is om direk betrokke te wees by die dag-tot-dag bestuur van 'n biblioteek. Hoe groter die munisipaliteit word, hoe

moeiliker word dit vir die Stadsklerk om hom te bemoei met die administratiewe probleme van 'n biblioteek. Met hierdie stelling wil ek nie poog om verskoning aan te bied vir die gebrek aan belangstelling in bibliotekdienste nie.

Dit is waar dat bibliotekdienste - soos trouens alle ander kultuurdienste - die afskeepkinders van plaaslike owerhede is. Die Stadsraad en die Bestuur is gewoonlik so besig met die materiële aangeleenthede - die bou van strate, nuwe ontwikkelings, aanlê van basiese dienste, behuising en die alledaagse brood- en botersake - dat daar min tyd en aandag bestee word aan kultuur.

'n Plaaslike owerheid het dit egter ten doel om sover moontlik aan ál die behoeftes van die gemeenskap te voldoen. Hoewel die druk op die munisipale owerheid normaalweg baie groot is vir die voorsiening van basiese dienste en dorpsontwikkeling, word stadsrade juis verkies om die voorkeure van die gemeenskap teen mekaar op te weeg en prioriteite te bepaal. In hierdie proses moet die Raad voortdurend poog om 'n gesonde balans te behou sodat aan die grootste diversiteit van behoeftes voorsien kan word. In die besluitnemingsproses het die Stadsklerk 'n beduidende rol te speel al is dit dan ook hoofsaaklik adviserend.

Dit is gevolglik noodsaaklik dat die Stadsklerk homself op hoogte moet stel van die behoeftes van die gemeenskap. Ten opsigte van die bibliotekediens is dit eerstens noodsaaklik dat hy self van die diens gebruik moet maak sodat hy die gehalte van die diens vanuit die

gesigspunt van die gebruiker kan evalueer en waardeer. Tweedens is dit belangrik om die maandverslae en statistiese opgawes gereeld met aandag te bestudeer, ten einde 'n begrip te vorm van die omvang van die administratiewe bedrywighede wat vereis word om die diens glad te laat verloop. Die statistiese opgawes weerspieël nie net die beeld van die mate waartoe die diens gebruik word nie, maar is 'n opgawe van 'n gemeenskapsbehoefte waaraan voldoen word. Derdens behoort die Stadsklerk die kwartaalike komiteevergaderings van die Biblioteekkomitee gereeld by te woon. Die Biblioteek-advieskomitee bestaan gewoonweg uit belangstellende lersers wat hulle deur hul belangstelling en kulturele betrokkenheid dermate onderskei het dat hulle op die komitee gekoopteer is. Dit is 'n onmisbare forum om die dieper kulturele behoeftes van die gemeenskap te peil en dien om die Stadsklerk bewus te maak van die tekortkominge, verdere onvervulde behoeftes en begeertes van die gemeenskap self. Vierdens is dit onontbeerlik dat die Stadsklerk - al is dit dan net een keer per jaar, sê gedurende begrotingstyd - 'n indringende gesprek met die Stadsbibliotekaris voer.

Kommunikasie, vertikaal en horisontaal, is so oneinigdig belangrik in enige suksesvolle onderneming en daarom ook in die administratiewe proses.

Neem nou byvoorbeeld die gesin wat verhuis en van biblioteek verander. Die biblioteekpersoneel moet gedurig hoor dat by hulle vorige biblioteek dinge anders gedoen is. Daar kon hulle hul boeke op die toonbank neersit en koers kies rakke toe, hier moet hulle vir hul bonne wag. En Boeta wat 12 jaar oud is en belangstel in al wat oorlog is, is baie ontevrede, want hier mag hy nie boeke by die volwasse kant uitneem nie. Ouboek is ook ontevrede, want hier mag hy nie die Asterix-boeke uitneem nie. Kleinsus is heelteltemal deurmekaar, want by die vorige biblioteek was die kleuterboeke volgens kleure gerangskik en hier volgens grootte. Pa is in sy noppies, want hier is die Westerns almal in één rak gerangskik en hoef hy nie, soos tevore, tussen die ander daarvoor te soek nie. Die kleuters is ook in hulle noppies, want terwyl hulle vir die res van die gesin wag, speel hulle heerlik met al die speelgoed wat aan die kleuterkant rond lê. By die vorige biblioteek moes hulle tjoepstil sit, want die tannie by die toonbank het hulle met kwaai oë dop-

gehou. Ma is verbaas dat sy 20c vir 'n spesiale aanvraag moet betaal. Daar is nog 'n paar dinge waaroor hulle verbaas was, byvoorbeeld dat hulle eers moes wag dat hulle bonne met die pos moes kom voordat hulle boeke kon uitneem. Ook dat daar nie 'n skaakklub bestaan nie, want die biblioteeksaal word nie gratis aan klubs beskikbaar gestel nie en die huur is te hoog om 'n niewinsgewende klub aan die gang te hou. En toe Ouma kom kuier het sy sowaar maar net R10,00 deposito moes betaal om drie boeke uit te neem. 'n Vriendin, wat net buite die grense van die biblioteek woon, word nie toegelaat om by die biblioteek aan te sluit nie, want dit is die biblioteek se beleid om geen subskripsie in te neem nie.

Miskien is dit goed dat daar verskille is ... of is dit nie?

William Couper het immers gesê:
"Variety's the very spice of life
That gives it all its flavour."

Hettie Roux
Brackenfell-biblioteek

STUDY COLLECTIONS

Since June 1987 a great demand has been placed on the Library by the students, both in King William's Town and surrounding Ciskei, to provide relevant study material. Although UNISA has a depot in the East London Library, this is strictly for UNISA students only. We have not only UNISA students, but also Fort Hare University, the Lennox Sebe Teacher's Training College and Ciskei Technikon students making use of our library and the little material we do have! According to a *Daily Dispatch* article from October 1987 the number of UNISA students for Eastern Cape/Border has risen from 2367 to 2658 undergraduates writing their final exams and I'm sure it is still rising.

I have actively motivated for a 'study collection' to whoever would listen. Anyway, I got an early Christmas present last year ... OUR VERY OWN STUDY COLLECTION! Although the academic year has only just started we have already had a number of students

using the material, all with a positive reaction.

First, my hat off to the Cape Provincial Library Service. My initial enthusiasm was not dampened on opening the seven boxes. I felt like Aladdin when he came upon all the treasures. The Law and Education books alone were like an answer to a prayer. The Business Management, Economics, Accountancy, Psychology, Sociology and Personnel Management sections together with Politics and Industrial Psychology are also well represented. More of the same type, please. There is not too much in the History section, especially South African and European history, but we do have a fair selection on our open shelves.

I really must congratulate the 'Book Selectors' and Region on the selection and allocation of books (not only the study collection) that we are getting now. The service has improved tremendously since 1984 when I first joined King William's Town Library. At that time there were a number of book clubs operating.

At a Rotary Luncheon in December 1988 our Town Clerk was approached by a local businessman and told, I quote, "How long has the librarian been here? The library must be quite jacked-up because the Book Clubs are suffering as their members say they can now get all the new books at the library!"

Keep up the good work, although it might at times seem thankless and impossible to satisfy all the different individual library needs.

Wendy Marsberg
King William's Town Library

TE VEEL TEKENPRENT-
VIDEO'S

Ons hier in Ceres het met belangstelling die brief van Agnes Crafford van die Bonnievale-biblioteek in die Januarie-uitgawe van *Die Kaapse Bibliotekaris* gelees. Goed gesê Agnes - of soos Jan Spies sou gesê het, so 'n bek moet jëm kry. Hoekom moet toekennings net op grond van sirkulasie

gemaak word? Dit skep mos die onlogiese situasie dat dié wat het nog meer sal kry! Die stedelike en voorstedelike biblioteke met hul reuse ledetalle kry die room van die oes terwyl hulle wel oorvloediglik voorsien is van teaters, konsertsale, bioskope, en so meer, terwyl ons hier in die platteland dikwels net 'n enkele videowinkeltjie het waar die aksent op karatekursies, geweld en nog meer geweld val. Dus is uitgesoekte video's in die biblioteek 'n heerlikheid vir die kieskeurige kyker. Ons was gelukkig om in Ceres 'n kernversameling video's te ontvang tot groot plesier van die dankbare gebruikers.

Maar nou wil ek net 'n klip in die bos gooi - en ek wonder hoe voel die ander biblioteke hieroor. Terwyl ek aanvaar dat die video-aankope gekeur word volgens dieselfde hoë standaard wat vir al die ander biblioteekmateriaal geld, wonder ek tog of ons regtig nodig het om soveel tekenprente te voorsien. My ervaring - na twee jaar in die video-uitreikingsdiens - is dat die kleiner kinders net 'n tekenprent wil hê, ongeag of hulle dit al etlike kere gesien het. Ons tekenprente trek al op hulle tweede houertjies - die eerstes was reeds so verslete en verslons van die hantering (deur die ouers uitgeneem, let well!) dat dit vervang moes word. My vraag is nou, is die kwaliteit van die tekenprente dan van so 'n hoë gehalte dat dit die kwantiteit-kykery deur die jonger kind regverdig? Wie moet opgevoed word? Die ouer? Of moet ons net minder tekenprente en miskien meer Walt Disney en soortgelyke video's oor die natuurlewe, as 'n voorbeeld, aanskaf en voorsien?

Elzane Riding
Ceres-biblioteek

**Ons probeer om slegs die beste video-tekenprente aan te koop en 'n mens sou graag wou weet na watter spesifieke programme u hier verwys. Ons koop baie min vollengte tekenprente aan omdat materiaal van hoogstaande gehalte uiters skaars is. Die Weston Woods kinderrolprenthe wat nou ook op*

*video beskikbaar is, is almal gebaseer op prenteboeke van hoë gehalte en het gedeeltelik ten doel om die kyker na die oorspronklike boek te terug te lei. Hierbenewens is daar ook die klassieke kort Walt Disney- en Warner Bros.-prente, wat nie in die eerste plek vir kinders bedoel was nie. Die voordeel van die meeste geanimeerde materiaal is dat daar baie min of geen dialoog is nie, wat die materiaal in staat stel om oor taalgrense heen tot die kyker te spreek. Ons sou graag nie-geanimeerde materiaal vir kinders wou aankoop en het onlangs daarin geslaag om suksesvol te onderhandel vir die aankoop van die hoog aangeskrewe Kanadese *The Kids of Degrassi Street*-reeks. Nuwe titels van die *National Geographic Society*, die *BBC se Wildlife on One*-reeks en titels van *Survival Anglia*, is ook reeds bestel. Al drie hierdie vervaardigers is bekend vir hulle uitstekende natuur- en wildleweprogramme.*

Bekronings Awards

ATKV-PRYSE

Die ATKV se gesogte TV-regisseursprys is vanjaar aan **Frans Marx** toegeken vir sy gewilde TV-reeks *Agter elke man*.

Prof. Pieter Grobbelaar, ons skrywer van die maand in die April-uitgawe van hierdie blad, het die ATKV se radioprys gewen vir sy programreeks *Die volk as digter*. Frans Marx en prof. Grobbelaar het elk R3 000 en 'n trofee vir die prys ontvang.

SA BOEK KRY NOMA-PRYS

Die Suid-Afrikaanse uitgewers, Ravan Press, het sukses behaal in Nigerië

KALENDER

Kaapstad
1-2 Maart
STREEKBIBLIOTEKARISVERGADE-
RING VIR DIE OOS-KAAPSE BEHEER-
GEBIED

Grahamstad
7-9 Maart
OPLEIDINGSKURSUS VIR BIBLIO-
TEKARISSE IN DIE NOORDWES-KAAP
'n Omvattende kursus oor inligting,
boekvoorraad en spesiale dienste.

Pietermaritzburg
8-9 Maart
KONFERENSIE VAN DIREKTEURE VAN
PROVINSIALE BIBLIOTEEKDIENSTE

Uppington
21-23 Maart
STREEKBIBLIOTEKARISVERGADE-
RING VIR DIE NOORD-KAAPSE
BEHEERGEBIED

Stellenbosch
22 Maart
VERGADERING VAN DIE KATALO-
GISERINGSBELANGEGROEP
'n Intydse Katalogi vir Openbare Gebruik-
demonstrasie (OPAC) 14h30 by die Gericke-
biblioteek.

Kimberley
25-27 April
SEMINAAR VIR GROOT BIBLIOTEKE

Kaapstad
9 Mei
BOEKESPREKINGS; WES-KAAPSE BI-
BLIOTEKE
'n Bespreking van biblioteekvoorraad, be-
hoefte en leentmes.

Kaapstad
12 Mei
PROVINSIALE BIBLIOTEKRAADS-
VERGADERING

Kaapstad
15-19 Mei
OPENBARE BIBLIOTEKWEEK
23-24 Mei
OPLEIDINGSKURSUS VIR MIDDEL-
VLAK-BIBLIOTEKE
'n Kursus vir openbare bibliotekarisse uit die
Botland en Skierelland, waarin spesiale aan-
dag geskenk sal word aan die dienste aan
kinders, inligtingverskaffing, openbare
betrekkings en lidmaatskap.

met die boek *Working Life: Factories, Townships and Popular Culture on the Rand, 1886-1940*. Dit is onlangs be-
kroon met die Noma-prys.


GROOT PRYSGELD VIR NUWE IERSE BOEKPRYSE

Twee nuwe boekpryse, met aansienlike prysgeld is onlangs in Ierland aangekondig, naamlik die **GPA Book Award**, met 'n prysgeld van £50 000 en die **Irish Times-Aer Lingus Awards**, met 'n prysgeld van £25 000 en £10 000 onderskeidelik. Vir die **GPA Book Award** sal boeke wat deur skrywers wat in Ierland gebore is of daar woon en tussen 1 Oktober 1986 en 30 September vanjaar gepubliseer is, in aanmerking geneem word. Vir laasgenoemde prys sal jaarliks twee toekennings gemaak word, 'n toekenning van £25 000 vir 'n roman deur 'n Ierse skrywer, uitgegee in Ierland, Engeland of Amerika en 'n prys van £10 000 vir 'n prosawerk of 'n digbundel deur 'n belowende Ierse skrywer en ook uitgegee in Ierland, Engeland of Amerika. Die GPA-prys het tans die grootste prysgeld vir 'n enkele boek in die wêreld.

Mense People

THOMAS LIBRARY, HOUT BAY

Library staff member **Susan Dymond** left Thomas Library at the end of February to do a post-graduate course at UCT. Over the past two years her artistic creativity and vital interest in children and children's literature have brought life, colour and a high degree of proficiency to the children's section of the library. Our very best wishes go with her for her future studies.



Susan Dymond

DALENA LE ROUX SLUIT BY ONS AAN

Baie welkom aan mev. **Dalena le Roux**, wat onlangs aangestel is as bibliotekaris in Aanvullende Dienste by die Hoofkantoor.

Dalena is 'n gebore Vrystater, maar het grootgeword in Suidwes en die Transvaal. Sy het haar B.Bibl. Honneurs behaal aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waarna sy by die Biblioteekdiens van SWA, die OVS, die Departement van Nasionale Opvoeding en die WNNR gewerk het.

Haar hoof funksie in haar nuwe werk is die hantering van onderwerps-, plate- en leeskringaanvrae vir die Wes-Kaap. Ons hoop sy sal gelukkig wees hier by ons en dat sy spoedig tuis sal voel in die Moederstad.

STELLENBOSCH OPENBARE BIBLIOTEK

Mev. **Susan de Villiers** is aangestel as Adjunk-hoofbibliotekaris by die Stellenbosch Openbare Biblioteek in die plek van mev. Cecile Marais wat haar eerste-
stelling verweg. Susan is 'n oud-Stellenbosser wat redelik lank in Natal gewoon het voordat sy weer terug is Kaap toe. Ons heet haar baie welkom en hoop dat

sy baie gelukkig sal wees in haar nuwe werkkring.

Mev. **Karina Hauptfleisch** is as bibliotekassistent aangestel in die plek van mev. Visagie wat intussen 'n deeltydse pos by ISKEMUS aanvaar het. Karina is afkomstig van die Transvaal, maar haar man is na Stellenbosch verplaat en die biblioteek kon die geleentheid aangryp om iemand aan te stel met 13 jaar openbare bibliotekondervinding. Vir haar sê ons ook baie welkom in haar nuwe werkkring. Hulle is albei vir ons 'n aanwinst by die biblioteek.

MOSSELBAAI OPENBARE BIBLIOTEK

Mev. **Marie van Rensburg**, wat vir twee dekades aan die biblioteek op Mosselbaai verbonde was, het onlangs as senior assistent uitgetree.

Sy was altyd hulpvaardig en besig om vir iemand 'n brokkie naslaanwerk te doen, want sy het nie geglo aan ophou soek totdat die probleem opgelos was nie. Die gemeenskap sal haar beslis baie mis in die biblioteek.

Die feit dat sy nooit 'n ledige oomblik beleef nie, word weerspieël in die 35 truuie wat sy vir Kersfees vir haar kinders en kleinkinders gebrei het. 'n Vreugdevolle aftrede word mev. Van Rensburg toegewens.

BELLVILLE-SUID SÊ TOT SIENS AAN ALLEGRA LOUW

Vir die personeel en leners van Bellville-Suid was dit 'n hartseer dag toe **Allegra Louw** onlangs as bibliotekaris bedank het.

Allegra het in 1970 tot die bibliotekberoep toegetree en het as student by die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens begin werk. Daarna was sy vir ongeveer vyf jaar streekbibliotekaris in die destydse Kaapstadstreek en was ook twee jaar lank bibliotekaris by die Tygerbergse Hospitaalbiblioteek. In 1981 het

sy haar B.Bibl. Honneursgraad by die Universiteit van Wes-Kaapland verwerf en was sedertdien werksaam by Bellville-Suid.

Bellville-Suid is een van die staatsmaker-biblioteke in die Atlantisstreek en Allegra kan met trots terugkyk op die uitstekende diens wat sy help lewer het. Ons wens haar alles van die beste toe in haar nuwe werk as bibliotekaris by die Departement van Afrika-studies aan die Universiteit van Kaapstad.

SALVADOR DALI (1904-1989)

"THOUSANDS PAY LAST RESPECTS TO DALI FIGUERAS, Spain. -

Thousands of mourners yesterday filed silently past the embalmed body of Salvador Dali, wearing a gold embroidered tunic and his trademark moustache curled upwards, to bid a last 'adios' to Spain's master surrealist."*(Cape Times, 25/1/1989) (A fitting image flashes through the reader's mind, no doubt an image which would meet with the approval of Dali himself!). He is to be buried in a white marble tomb in the shape of a parallelogram under the crystal dome of the Dali Museum.

*This was one of the many headlines appearing in newspapers worldwide to announce the passing of a remarkable artist and man of the twentieth century. A

leader in another local newspaper comments that Salvador Dali will be sadly missed by many in the art world and by those who recognise that not all march to the same drum. "...he was a pricker of smugness and an overturner of comfortable assumptions and attitudes. That was his great contribution at a time when societies were growing more regimented by the day." (Cape Argus, 24/1/89)

Curator of Paintings at the Metropolitan Museum of Art, New York, Theodore Rousseau, once expressed the following in his forward to the book, *The world of Salvador Dali*, by R. Descharnes, "Despite his respect for the past and his attachment to it, Dali is essentially a man of the twentieth century. This is evident both in his state of mind as an artist and in his efforts to relate his work to the problems of our time". He goes on to explain, "One of the characteristics of the last fifty years has been revolt in every phase of human thought and action. This came naturally to Dali, ...indeed, his first and most lasting success was as a leader of one of the most revolutionary literary and artistic movements of all time, Surrealism". He subsequently broke with Surrealism, but its spirit remained in his work.

In many other ways too, Dali showed his intense involvement in his own times. He was "...interested in many trends of modern thought, scientific, philosophical, and religious. His cult of originality



at almost any price, ...is typical of today, and so is his desire for publicity. His analysis and 'paraphrasing' of famous paintings is also a phase of artistic activity shared by other modern artists". With time, as Dali's paintings move into perspective with the work of artists of all periods, much that seems significant to us now could well lose its interest. "However, he will always stand out as one of the very few twentieth-century painters who combines a profound respect for the traditions of the past with intensely modern feelings".

In collaboration with the director, Luis Bunuel, he made the first surrealist films *Un Chien Andalou* (An Andalusian Dog, 1929) and *L'Age d'or* (The Golden Age, 1930). Then in 1940 he settled in the USA, "where his talent for self-advertisement brought him notoriety". He returned to Spain in 1955. Among his numerous writings are the Surrealist work *Baboue* (1932), an exposition *La Conquête de l'irrationnel* (1935), and his autobiographical *La Vie secrète de Salvador Dali* (1944). Dali also created jewellery, ceramics and sculpture, was a stage designer and illustrated books as well.

Sadly, and ironically for Dali, about whom it has been written (particularly with regard to the effects on him of the traumatic circumstances of his childhood), "To conquer death was, is, and will always remain the central problem of Dali's life", his last years proved to be a tragic and painful state between life and death, separated as he, alias Gala-Dali, alias Arvida Dollars, was from his beloved wife and muse, Gala [who had died in 1982].

ART PRINTS IN STOCK

- Autumn cannibalism*
- Basket of bread*
- Christ of St. John's at the cross*
- Composition*
- Der erhabene moment*
- The fishing of tunny*
- The landscape of Port Lligat*
- Still life - fast moving*

JAN VAN ANROOY

It was with sadness that we learnt of the death in Holland at the age of 87 of Jan van Anrooy, who was our Art Selector for many years. Many of the old-timers will remember him for his enthusiasm and colourful personality. After returning to Holland in 1973, he had renewed energy to devote to his painting and in his last 12 years he received wide acclaim and held very successful exhibitions in Holland. His contribution to the Service will be remembered.

BRUCE CHATWIN

Admirers of the work of Bruce Chatwin were shocked and saddened to hear of his death, in Nice, on 19th January 1989. Obsessed with the nomadic way of life, and himself and inveterate wanderer, he contracted a rare bone disease during his travels in China in 1986.

He was awarded the 1979 Hawthornden Prize for his first book, *In Patagonia*, which many critics regard as the epitome of good travel writing. It was followed by two novels, *On the Black Hill*, and *The Viceroy of Ouidah*. In 1987 he published the acclaimed *Songlines*, based on time spent in the Australian outback, following the paths by which the Aborigines sang the world into existence.

His most recent novella, *UTZ*, was nominated for the 1988 Booker Prize.

In an article in the *New York Times Book review* in 1983, describing how he came to write *In Patagonia*, he remarks: "While stringing its sentences together, I thought that telling stories was the only conceivable occupation for a superfluous person such as myself."

His claim to be an admirer of the 'Yankee plain style' is apparent in his prose, which is spare and limpid, filled with vivid and unexpected images.

His passing is a great loss to the literary world, which will continue to value his writings.



Mnr. S.C.J. van Niekerk

DIREKTEUR VAN TRANSVAALSE BIBLIOTEKEDIENS OORLEDE

Mnr. S.C.J. van Niekerk, Direkteur van die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens, is skielik op 9 Januarie 1989 oorlede.

Mnr. Van Niekerk het nou verbintenis met die Kaapprovinsie gehad. Hy is op Elliot gebore, het in Aliwal-Noord gematrikuleer en was verder vir 'n jaar aan die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens as streekbibliotekaris verbonde.

Steve van Niekerk was sedert 1970 Direkteur van die Biblioteekdiens in Transvaal en sou aan die einde van Maart vanjaar, na 'n leeftyd in die biblioteekwêreld, op pensioen uittree. Hy was 'n baie geëerde kollega en sy heengaan laat 'n groot leemte.

Namens die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens wil ons graag ons opregte simpatie betuig aan sy familie, asook aan die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens.

Biblioteke Libraries

VAKANSIEGANGERS GEBRUIK BIBLIOTEKE

Suid-Kaap. Ons kusdorpe se biblioteekpersoneel was die afgelope Desember-vakansie weer baie besig en moes bontstaan om al die vakansiegangers te kon hanteer. Gelukkig het almal die hulp van ekstra personeel gehad. Behalwe die vakansiegangers wat belastingbetalers van die onderskeie dorpe is, het die volgende aantal tydelike leners ook by biblioteke aangesluit: Hartenbos - 139, Mosselbaai - 92 en Stilbaai - 171.

KUNSUITSTALLING

Mosselbaai. Die skilder Albert Vos het twee weke lank 'n suksesvolle kunstuystalling in die Mosselbaai biblioteeksaal gehou. Hy was baie beïndruk met die verbeterde fasiliteite in die biblioteek, waarvan hy gebruik kon maak. Die talle besoekers was ook baie in hulle skik met die veranderinge en verbeteringe wat die biblioteek ondergaan het.

ALLE PAAIE LEI NA ...

Oudtshoorn. Alle navrae oor C.J. Langenhoven lei ongetwyfeld na die C.J. Langenhoven Gedenkbiblioteek op Oudtshoorn. Nato Barnard van die *Huisgenoot* het onlangs vir mev. Alice Swanepoel, hoofbibliotekaris van die Oudtshoornse biblioteek, geskakel op soek na 'n artikel wat Langenhoven geskryf het oor 'n lugreis tussen Oudtshoorn en Kaapstad. Volgens hom kon hy niks daaroor in Langenhoven se *Versamelde werke* kry nie. Navrae by die plaaslike museum het niks opgelewer nie en die personeel het toe maar self die

Versamelde werke geraadpleeg. Die 'Interview oor 'n lugreis' is in deel 15 opgespoor en was gedateer 26 Januarie 1931. Toe mnr. Barnard later die dag terugskakel, was hy baie verbaas dat die personeel dit wel in sy 'reeds geraadpleegde bron' opgespoor het en het hulle hartlik bedank vir hulle moeie en vriendelikhed.

COURSE IN DRIED FLOWER ARRANGEMENT

Bellville. A three day course in dried flower arrangement and the making of greeting cards was recently held in the Bellville Library by Mrs T. Hudson. Attendance was good and everyone was very enthusiastic to go and try their hand at their newly acquired skills.

STORIEVERTELKURSUS

Goodwood. Die Vriende van die Biblioteek in Goodwood het onlangs in samewerking met die Departement van Onderwys en Kultuur 'n storievertelkursus in die dorp se kultuursentrum aangebied. Die spreker was mnr. Pieter Bredenkamp, gewese hoof van die P.J. Olivier-Kunsskool op Stellenbosch en 'n bekende radio- en teaterpersoonlikheid.

Mnr. Bredenkamp het die volgende riglyne gegee vir die geslaagde vertel van 'n storie:

*Maak kontak met jou gehoor. Sit plat op die grond by kinders of op 'n lae stoel.

*Gebruik jou gewone spraakstem.

*Gebruik die direkte rede.

*Wees entoesiasies.

*Oefen vooraf voor die spieël, maar moet nooit die storie uit jou kop leer nie, lees en vertel eerder.

*Moet nooit oordramatiseer of oorartikuleer nie.

*Moenie lang sinne gebruik, te veel vrae vra of 'en toe' as skakel gebruik nie.

*Die storie moet nie te ingewikkeld wees nie, maar moet spanningsvol wees,

die kind intellektueel prikkel en hom emosioneel verryk.

Volgens mnr. Bredenkamp luister kinders (en grootmense) so graag na 'n goeie storieverteller omdat dit aangenaam is om met 'n karakter te identifiseer, van jouself en jou probleme te vergeet en lekker te ontspan terwyl jy luister.


PD PAULSE GEDENKBIBLIOTEEK

Kuilsrivier. Die Biblioteekdiens het groot waardering vir die werk van die personeel van die PD Paulse Gedenkbiblioteek. Hulle is altyd bereid om die inwoners van die Blackheath-Eersterivier-gebied van biblioteekmateriaal en inligting te voorsien. Die ledetal uit hierdie gebied trek reeds by die 800 en die ekstra werkplaas plaas groot druk op die personeel. Ten spyte van die al die ekstra werk wat hierdie 'distrikslede' meebring, bly die personeel altyd vriendelik en hulpvaardig en lewer 'n baie waardevolle diens aan die gemeenskap.

Die nuwe biblioteek wat later vanjaar in Eersterivier open, behoort aansienlike verligting van hulle werkplaas vir die immer gewillige personeel van die PD Paulse-biblioteek te bring.

VERVOERKATASTROFES

Uppingtonstreek. Vir Johan Nel, streckbibliotekaris van die Uppingtonstreek, het die ontvangs van sy nuwe stasiewa in Kaapstad weldra in 'n totale nagmerrie ontaard. Op pad terug met sy nuwe ryding was hy nog nie eers by Malmesbury nie, toe gee die remme in! Het einde was 't egter nog lank nie, want op sy eerste toer het die masjien begin uitsny en later totaal ingegeë tussen Kakamas en Pofadder. Terwyl hy en sy assistent, mej. Kruger, in 'n versengende 38°C op die dorre vlakke sit en wag het dat die 'onbetroubare' nuwe stasiewa ingesleep word, moes hulle boonop ver-



neem dat daar 'n gewapende voortvlugtige los is iewers tussen Brandvlei en Kenhardt. Op Kakamas het hulle 'n private motor bekom en kon eers laat die aand hulle dag se werk voltooi.

Toe hierdie berig geskryf is, was die motor nog steeds stukkend en kon die plaaslike agente nog nie daarin slaag om sy probleemmotor van die krukkelys te haal nie. Kan 'n mens Johan verkwalik dat hy nou so min vertroue in sy 'nuwe' ryding het dat hy byna nie kans sien om die lang pad deur die Noordwes-Kaap daarmee aan te durf nie? Boonop wens Johan hy kan een oggend sy motorhuis oopsluit en sy ou staatmaker-voertuig, wat hom vir 15 jaar so getrou gedien het, daar sien staan.

Moedhou Johan, miskien word die spreekwoord 'Eind goed, alles goed' nog vir jou waar en ontpop jou probleemmotor in 'n ware staatmaker!

LIBRARY MOVES INTO FIRE STATION

Somerset East. The library recently had to be moved temporarily into the fire station next door while the old building, seen in the background, is being enlarged and given a face-lift. Heading an untiring team of library supporters, municipal workers, own staff members and personnel from W.D. West Library, is Alma



Botha and Regional Librarian, Theuns Botha, both on the right.

IS BIBLIOTEKWERK STRES?

Brackenfell. In 'n ondersoek wat verlede jaar in Brittanje gedoen is oor die stresvlakke van tien beroepsroepe, is tot die verstomming van baie bibliotekarisse bevind dat die bibliotekerberoep die tweede laagste stresvlak het. Na aanleiding van hierdie 'bevinding' het **Hettie Roux** hierdie amusante bydrae tot die vreeslike polemiekie wat die hele kwessie hier te lande uitgelok het, aan ons gestuur:

1988 lê op die naat van sy rug. Aangesien ons beroep een van dié met die minste stres is!! , is dit heel gepas om 'n terugblik te werp op dié dinge wat die bron is van die lae stresdrumpe! Miskien het van die volgende gebeure ook u jaar ontstres!


Een van ons jong lede sê **Jona** van Peter Spier is 'n boek sonder lees', terwyl 'n eweknie soek na 'n boek oor reptiele - leureptiele asseblief, tannie! 'n Ander een sê Peter (van Heidi-faam) lyk net soos sy tannie! Ons kinderbibliotekaris, wat ons pas verlaat het, was Tannie Roné van 'pishgetti'. Dan is daar die enetjie wat die bibliotekaresse 'the boss of the books' noem.

'n Moeiliker navraag was die knaap van ongeveer 11 jaar wat kom soek het

na 'n boek oor 'bibliteit'. Sy menceer sou die volgende dag die onderwerp bespreek, maar hulle moes so lank 'n boek daaroor gaan uitneem en lees. Na wye draaie en noukeurige ondervraging, blyk dit toe 'n boek oor 'puberteit' te wees.

Selfs met die administratiewe take help ons lede: 'n Junior lid wat 30c boete moet betaal en geen geld by hom het nie, word meegedeel dat sy bon teruggehou word totdat hy sy boete betaal het. "Ag toemaar, tannie kan dit maar opekeur, volgende jaar is ons nie meer hier nie!" Sy verbasing was groot om te hoor dat dit nie só eenvoudig is nie.

Hoe klink dié probleem van 'n lid wat die gesin se lidmaatskap kom hernieu? "I've come to renew our membership,



Wie't gesê die bibliotekerberoep het die tweede laagste stresvlak?

but we've all lost our non-fashion cards." (Leners het in 'n stadium elkeen 'n NF-bon gekry om net NF-boeke mee uit te neem).

Die plate was baie vuil, 'n Ter sake vormbrief is gestuur en toe kom soek die kwaai 'dame' na "the one who wrote me this snotty letter". Gelukkig was dit net woorde wat verder gewaai het.

uit die volgende telefoniese navraag volg tog 'n bewys van ons besondere diens aan die publiek. Mev. S. van W. wil weet of ons by Brackenfell-biblioteek 'n sekere boek in voorraad het. Soos dit 'n goeie bibliotekaresse betaam, sê H. dat sy seker nie 'n lid van ons biblioteek is as sy in W. woon nie.

Mev. S.: "Ek het voorheen in Brackenfell gewoon en het nog my bibliotekkaartjies. Ek het egter nie vandag 'n motor nie, het julle dalk 'n afleweringdiens?"

Die taak wat egter die stres tot onder op die lys laat daal, is die terugverkryging van uitstekende biblioteekmateriaal. Verskeie metodes moet soms aangewend word, met gemengde sukses. So het Mrs Gunn na twee jaar ons *Venus with pistol* terugbesorg.

Hoe gemaak as die lener 'n kaptein op 'n skip is? Na verskeie gesprekke met die skeepsredery is die kaptein geskakel die oomblik toe die skip in Tafelbaaihawe vasmeer. Na agttien maande se stryd het die kaptein betaal vir twee boeke, waaronder *Ships that pass*. Sy skip het die Kaap 'n hele paar keer ge-'pass'.

Mnr. A. en mej. R. verkas elk met twee plate in hul besit. Na verskeie pogings kon hulle nog nie opgespoor word nie. Mnr. A. is weg van sy woon- en werkadres en mej. R. - 'n student - van haar woonadres. Ek onthou dat mej. R. se vader 'n paar maande vantevore oordele is en skakel die eksekuteur van sy boedel. Sodoende verkry ons die adres van mej. R. se suster op W. en stuur 'n rekening daarheen. Drie weke later ontvang ons 'n tjek vir haar twee plate - 'n tjek van mnr. A.! 'n Rekening aan mnr. A. vir sy twee plate is na dieselfde adres gestuur - ons wag nou vir die tweede tjek.

Brackenfell het ook geleerde brakke: een het die boek *How to teach your dog a hundred words* verteer.

Net om 1988 behoorlik af te sluit, bring J. kort voor toemaaktyd op die laaste dag van die jaar 'n splinternuwe boek wat nog slegs deur hom uitgeniem is, met beskaidige omslag terug. Maar dis definitief nie hy wat die boek verniel het nie!

Although the book itself is in the Wilbur Smith tradition, he does not want to be referred to as the new Wilbur Smith. He feels that Smith romanticised the war in Southern Africa. He wants to work against that.

Lindsay says while writing this novel he could see himself and other people in the situations for what they were - totally without pretence.

Before writing his A-levels, Tim Lindsay ran away from school in

Hiervan en daarvan / This and that

HOW ARE WE DOING?

How are we doing?

Those of you who read Dr P.J.A. Roux's useful summary 'Measuring the performance of public libraries in S.A.' in the November/December 1988 *SAILIS Newsletter*, should note that the invaluable Public Library Development Project publications which he described are available on request. Many of you will be familiar with the earlier *A planning process for public libraries*, by V.E. Palmour, but the two basic documents to measure performance were only recently added to stock. These are *Output measures for public libraries: a manual of standardized procedures*, 2nd ed. 1987, which includes tackling the old problems of in-library use of material, registration as a percentage of the population and the tricky materials availability measures. The second manual is *Planning and role setting for public libraries*, which was published in 1987, and which gives a useful basis for comparing libraries.

BOOKS ABOUT THE RHODESIAN BUSH WAR

Novelist Tim Lindsay (30) has written *The shadow*, dealing with two men's opposed ideals in the Rhodesian bush war.

Rhodesia to South Africa. He served in the police force and later became a voluntary ambulance rescue service worker.

Towards the end of the war Tim started writing down his experiences on anything he could lay his hands on - from bits of bark, to paper serviettes. He filed all this into a shoe box which he began sorting out later for his first novel, *The shadow*. He has since finished its sequel, *Unconditional acceptance*.

NEDERLANDSE SKRYWER WEIER PRYS

Die Nederlandse outeur van romans soos *Een roos van vlees* en *Terug naar Oegstgeest*, Jan Wolkers, het die P.C. Hoofprys vir prosa geweier. Hierdie toekenning is die mees gesogte literêre prys in Nederland.

Wolkers sê dat literêre pryse aangetas is deur korrupsie. Beoordelaars is onbevoeg om pryse aan die regte skrywers toe te ken. Hy kla ook dat die boekresensente en kritici wat afskeepwerk doen met outeurs se boeke, op die keurkomitees dien. Wolkers noem sekere kritici sonder om te blik of te bloos 'veragtelike klakouse', 'absolute idioote' en nog dergelike ander benamings.

Vir Wolkers is 'n literêre prys vir 'n skrywer 'n beperking in sy bewegingsvryheid. Die ontvanger van 'n prys

moet daarna altyd vriendelik wees teenoor die mense wat die prys aan hom toegeken het, en daarvoor sien hy nie kans nie!

FICTION READING PROMOTION

A recent initiative to promote fiction reading in libraries in the south of England has attracted both commercial and government support. Well Worth Reading has obtained £2250 worth of sponsorship from the bookshop chain Sherratt & Hughes and from library supplier Wessex Book Supplies, and this sum has been matched by the government under its Business Sponsorship Incentive Scheme. It is the first time a literary project in libraries has attracted such an award.

Well Worth Reading was launched in 1987 by the regional arts association Southern Arts in association with libraries in Hampshire, Dorset and Berkshire. Under the scheme librarians in the three counties work together to select and buy books, predominantly paperbacks, to display according to various themes; free promotional material is also made available. Subjects to date have been thrillers, teenage literature and writing by non-European authors.

Sherratt & Hughes joined the initiative with sponsorship of £1250 for a promotion of humour books, and Wessex Book Supplies has pledged £1000 for forthcoming promotions featuring books about England and on the theme of love. The love promotion has also attracted the support of Penguin Books. Other librarians please note?

NUWE WOORDELYS- EN SPELREÛLS

Aangesien daar heelwat tyd verloop het sedert die laaste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys- en SpelreÛls*, sal daar vanselfsprekend bepaalde wysings wees, maar niks drasties nie.

Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het op Stellenbosch vergader om afrondingswerk aan die agtste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys- en SpelreÛls* te doen. Dié afrondingswerk onder voorsitterskap van prof. Francois Odendaal, het plaasgevind by die Administrasiegebou van die Universiteit van Stellenbosch. Die nuwe uitgawe word nou voltooi. Die vorige uitgawe het reeds in 1964 verskyn.

Daar word in die nuwe uitgawe aangedag gegee aan korrespondensie deur individue en instansies wat taalnavrae aan die Taalkommissie gerig het.

STUDIEBOEKE DUURDER

Dis weer studietyd en studente stroom na die boekwinkels om hul studiemateriaal vir die jaar in die hande te kry. Die pryse van ingevoerde akademiese boeke het die hoogte ingeskiet en studente sal vanjaar aansienlik meer moet opdok as verlede jaar.

Die goeie nuus is egter dat plaaslike boeke se pryse byna konstant gebly het. Die Kaaplandse Onderwysdepartement het hulp aangebied indien die Kaaplandse skole werklik probleme ondervind met duur voorgeskrewe boeke.

Die boeke wat vanjaar goedkoper is, is definitief uitsonderings.

NUWE LETTERKUNDE-TYDSKRIF

'n Tydskrif wat hom veral gaan toespits op die wetenskaplike studie van die Afrikaanse letterkunde, *Stilet*, het onlangs sy verskyning gemaak.

Die Universiteit van Stellenbosch het die loodsuitgawe van die tydskrif geborg. Prof. Hennie Rossouw, vise-rektor (akademies) van die Universiteit van Stellenbosch, het 'n spesiale bydrae gelewer om die tydskrif die lig te laat sien.

Stilet sal in 'n mate vergoed vir die


verlies aan publisiteit vir essays in die Afrikaanse letterkunde toe *Standpunte* in 1986 gestaak is. Dit sal ook dien as mondstuk van die Afrikaanse Letterkunde-vereniging.

Aanvanklik sal die tydskrif slegs twee maal per jaar verskyn. Dit mag later vier keer per jaar verskyn.

Volgens dr. Etienne Britz, 'n dosent aan die Universiteit van Stellenbosch, is die tydskrif se beleid om aan almal wat betrokke is by die studie van Afrikaans, 'n spreekbeurt te gun. Dit gaan oor 'n oop gesprek vir almal.

Stilet sal van gasredakteurs by verskillende universiteite gebruik maak om te verhoed dat dit later net deur sekere elemente in die Afrikaanse Letterkunde beheer word.

BOEKWURMS VIER FEES!



Duisende kosbare boeke het in die suide van China in die slag gebly nadat honger boekwurms weggeleë het daaraan. Sowat 81 persent van 10 000 eksemplare van ou Chinese en buitelandse boeke in ses biblioteke in die streek Goeang Xi Zhaoang is deur die wurms weggevreet.

Die oorsaak van die wurms se behoefte aan boekmateriaal is nog nie bekend nie. Dit mag te wyte wees aan die half-tropiese klimaat van die streek.

'n Ondersoekspan het gesê dat maatreëls vir die beskerming van die boekeversamings dadelik getref moet


word om totale vernietiging deur die boekwurms se boekaptyt te voorkom!

AFRIKAANSE SKRYWERS GEE OORSEE UT

André le Roux het onlangs in *Die Burger* berig dat die jong skrywers Etienne van Heerden en Louis Krüger albei 'n deurbraak oorsee gemaak het met die vertaling van 'n Afrikaanse boek. Etienne van Heerden se veelbekroonde roman *Toorberg* word in Engels deur Penguin uitgegee en daar is reeds



Etienne van Heerden



Louis Krüger

geruime tyd sprake dat die boek verfilm gaan word. Louis Krüger, Eugéne Marais-pryswenner vir sy volwasse roman *Die skerpskutter*, se jeugroman *Donkerboskind* het pas in Nederland onder dieselfde titel verskyn, ondanks die kulturele boikot. Krüger sê deur die publikasie van *Donkerboskind* het hy reeds ander opdragte van die uitgewer Fontein ontvang. Hy hoop hierdie deurbraak maak ook deure vir ander Afrikaanse skrywers in Nederland oop.

HARDBACK EDITIONS VS PAPERBACK EDITIONS

There is naturally interest among both librarians and borrowers in how we decide on whether to buy the hardback or the paperback editions of English fiction.

Briefly, the considerations are as follows:

*The price of hardbacks now average R55,00 against a paperback at R16,00. So if the title is available in both editions the anticipated use must justify the considerably higher cost of the hardback.

*In the case of books in heavy demand the delay of up to a year before the paperback edition is released usually justifies the purchase of at least a fair quantity of the hardback, to be supplemented by a large additional buy of the paperback when this becomes available.

*Sometimes the hardback has gone out of print before our order can be supplied, and here we have a standing instruction to deliver the paperback instead.

*Particularly young readers prefer to handle the smaller paperback versions, so we often buy these titles only in paperback.

*There are novels that fall out in the pecking order at the selection meeting as we never can buy all the titles recommended by the book selectors, and in these cases we frequently decide to make these titles 'await paperback edition'.

*There are again cases where the anticipated demand simply does not justify the price, or when the physical ap-

pearance, and in particular the dust jacket, is not appealing enough to merit the expense, so here too we wait for the softback edition which is often more attractive than its stuffy precursor.


*The new limp editions of large print titles are in another category but here too the easy handling and lesser weight of the paperbacks have definite appeal to borrowers.

*Finally, the hardback edition has to justify its price in durability; many so-called perfect bindings, where the sections have been guillotined and simply glued to avoid the cost of stitching are too weak to last, and we are better off getting the style of bindings with a limp cover at a quarter of the price.

NORTH, SOUTH, EAST, WEST. GET A BOOK ON REQUEST

In Israel, in Biblical times, David faced Goliath, a giant about 3 m tall. In Cape Town, Michael Klüner and the Tracing Department, along with Susan

Mouton and the Special Request Department, faced a more formidable opponent, weighing admittedly a puny 63 kg, but towering at over 14 m, almost the same height as the Cape Provincial Library Service building! Processing 7 km of special requests is no mean feat, especially with many additional tasks, but every now and then, there is an interesting request. How about the borrower who was unsure of the title and didn't know the author? Then there was a borrower who wanted to read *How to live 365 days a year*, but because he didn't, the request had to be cancelled. There was also a borrower from George who wanted to read *And to my nephew Albert I leave the island what I won off Fatty Hogan in a poker game*, and one who wanted to read *Bo-oor die lamppaal sweef die gees van Olive Schreiner*, both which do exist, hard though it may be to believe. Despite an exhausting year of combating the special request giant, Michael Klüner and Susan Mouton are as positive as ever, praying for a smaller giant for 1989.



gerui
gaan
Marz
roma
Donk
onde
die k
publi
reeds
Font
deurl
Afrik

**HAR
PAP**

TI
libra
decic
or th
tion.
B
lows
*
R55.
So if
the a
sider
*
dem
the p
justi
quar
men
pape
*
out c
plic
stru
inste
*
hanc
so w
back
*
peck
we
men
thes
thes
*
ticip
the

The Cape Librarian



April 1989



REDAKSIONEEL

INFORMATION

The Cape Provincial Library Service sees the public library's information function as one of its basic services to the community, and for the past two years and more we have been making special efforts to promote this aspect of public library service. Let us pause for a moment to look at what progress has been made so far. In 1988 the total use of non-fiction rose by 4,9% as compared with the previous year - by 4,5% for adults and 5,9% for children. (In considering the last-mentioned figure, it should be borne in mind that it does not include the use of reference works and other juvenile non-fiction in the libraries themselves. Such use is considerable, especially in libraries in developing communities.) As regards book purchases, in 1988 30,1% more books were added to stock than in 1987, with 65% more adult non-fiction and 51% more juvenile non-fiction.

Various libraries have shown good increases in their non-fiction circulation and large urban libraries in particular have reported exceptionally high non-fiction issue figures. In many libraries non-fiction constitutes more than 20% of the total circulation and in some cases it is as high as 28,2%.

In referring to the information function of the public library in the February 1988 editorial, the possibility of alternative methods of bookstock arrangement was mentioned. The Library Service has now taken this matter up and a task group has been formed to undertake immediate research into a user-orientated method of stock arrangement. This will be done in consultation with public librarians.

Two articles in this issue look at information and non-fiction, apart from the special *Information File* article, which we hope you will be able to put to practical use. In addition, our main article deals with the needs of the newly literate. Although some attention has already been given to this, a special campaign is planned for 1990 to coincide with the YEAR OF THE READER, which will, we hope, focus the spotlight on the gaps that still exist in this area and which merit the attention of all librarians.

N.F. van der Merwe

(Afrikaanse weergawe verskyn op p 28)

INHOUD/CONTENTS

2. READING WILL PUT THEM IN LIGHT

Some thoughts on the reading needs of the newly literate adult - to what extent are they being met?
Edna Fitzgerald

6. SKRYWERSPROFIEL: PIETER W. GROBBELAAR

Kultuurhistorikus, digter en skrywer van oor die 200 boeke.

8. LIBRARY IN FOCUS: KLEINZEE

A mining community in Namaqualand.

10. THE CHILDREN'S LIBRARIAN

It's no mystery that facts can be fun: readable non-fiction for children.

13. INFORMATION FILE: NELM

National English Literary Museum.

14. IDEAS FOR DISPLAYS

Making a collage poster from nature.

16. DIE INLIGTINGSBEHOEFTE VAN DIE KLEINSAKE-ENTREPRENEUR

'n Oorsig van die inligtingsbronne wat in die behoeftes van die kleinsake-entreprenuer kan voorsien.

18. REVIEWS / RESENSIES

Books 18 Records 24

25. ACCESSIONS / AANWINSTE

28. NEWS / NUUS

Forum 28 Calender 30 Awards 30
People 31 Libraries 32 This and that 33

EDITORIAL STAFF / REDAKSIE

EDITOR / REDAKTEUR : Zirkëa Ellis

SUB-EDITOR / SUB-REDAKTEUR : Ingrid Tarleton

ARTISTS / KUNSTENAARS : Monica Wagner, Alice Barry, Vivien Botha